

Skriflesing: Romeine 13:1-7; Efesiërs 6:1-9; Kolossense 3:18-25

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 39**

Sing- Ps. 2:3; Ps. 89:15; Ps. 2:6

Romeine 13:1-7

Rom 13:1 Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel,

Rom 13:2 sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.

Rom 13:3 Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie daade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang;

Rom 13:4 want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.

Rom 13:5 Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete.

Rom 13:6 Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is.

Rom 13:7 Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom.

Efesiërs 6:1-9

Eph 6:1 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.

Eph 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte—

Eph 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.

Eph 6:4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.

Eph 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;

Eph 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen

Eph 6:7 en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie,

Eph 6:8 omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.

Eph 6:9 En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.

Kolossense 3:18-25

Col 3:18 Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here.

Col 3:19 Manne, julle moet jul vroue liefhê en nie teen hulle verbitter word nie.

Col 3:20 Kinders, julle moet jul ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik.

Col 3:21 Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie.

Col 3:22 Diensknegte, julle moet jul here na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoudigheid van hart, omdat julle God vrees.

Col 3:23 En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,

Col 3:24 omdat julle weet dat julle van die Here die erfenis as vergelding sal ontvang, want julle dien die Here Christus.

Col 3:25 Maar wie onreg doen, sal die onreg wat hy gedoen het, terug ontvang; en daar is geen aanneming van die persoon nie.

Sondag 39

104 Vraag: Wat eis God in die vyfde gebod?

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek

Pretoria- 20 April 2014

met hulle gebreke geduld hê (b), omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21:

Skriflesing: Romeine 13:1-7; Efesiërs 6:1-9; Kolossense 3:18-25

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 39**

Sing- Ps. 2:3; Ps. 89:15; Ps. 2:6

Geliefde broeders en susters- Met die vyfde gebod het ons die begin van ons verhouding met ons naaste. Die eerste vier gebooue gaan oor ons verhouding met God, die laaste ses gebooue handel oor ons verhouding met ons naaste. Naaste is die oortreffende trap van die woord naby en dit bepaal watter persoon watter oomblik my naaste is. Die mens wat op 'n gegewe tydstip die naaste aan my is, is my naaste. Wanneer ons op die manier oor ons naaste begin nadink dan staan 'n mens se ouers voorop as die mense wat eerste die naaste is. Hulle is die eerste mense met wie 'n mens kennis maak. 'n Pasgebore babatjie moet die naelstring nog geknip word, om die naaste tussen ma en kind te begin. Die naaste begin by my ma en pa. Hulle is dan ook die eerste mense by wie die Here in sy Wet begin. *Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee....*

Die Hebreuse woord waarvan die woord eer afgelei is, is 'n werkwoord wat ook beteken swaar, gewigtig. Daar is gewig wat gedra moet word. Gesagsdraers moet as gewigtig gehou word, nie vanweë hulle persoon nie, maar vanweë die roeping, die gesag waarmee God hulle beklee het. Roepingsbesef en roepingstrou, waarmee ons alles in hierdie wêreld moet aanpak moet vir ons gewig dra. Die gewig is in die eerste plek gesag wat ter sprake kom. In die tweede plek – gehoorsaamheid. In die laaste plek die belofte of seëninge wat hierby ingesluit is. Eerste gaan ons kyk na –

Die gesag wat ter sprake is:

As daar een groot probleem in ons tyd uitgelik kan word dan is dit die vraag na gesag. Ons beleef in ons land 'n gesagskrisis. Die hele uitgangspunt van die mens met sy menseregte benadering vandag, het groot konflik in die toepassing van gesag meegebring. Ons kan dit op baie maniere beredeneer. Gesag word eenvoudig nie meer erken en aanvaar nie. Vroeër het ons 'n outoriteit kultuur gehad waarin mense hulleself gewilliglik onder gesag gestel het, omdat daarin ook vir hulle die eise van die 5de gebod van die Here geskrywe staan. Soos wat mense al hoe vêrder van die Here begin weg leef, menseregte word al meer die uitgangspunt, selfs wil mense dit ons howe inbring, sou ek 'n beskuldigde wees... ja die outoriteit kultuur moet al meer plek maak vir 'n mondigheid kultuur. Ek is my eie baas. U kan uself gaan toets,

u kan na ander mense luister, hoedat gesag en ontsag net nie meer bestaan en erken word nie. Die 5de gebod is 'n geskrapte gebod as ons na onself en die mense, die gesinne, rondom ons luister.

Ons kan by die ouerhuise begin. Hoeveel ouers is daar wat gesagvol hulle kinders as eiendom van die Here in sy Naam opvoed? Ons kom by die skole. Daar is gesag probleme. Die wense en eise van 'n kind is besig om ons skoolwese al hoe meer te beheers. Alles, die aard, die ambisies, die aanleg, van die kind is die bepalende, dat dit op stuk van sake die wet in huise en skole begin word. Dit het al so vêr gevorder dat die twintigste eeu nie die eeu van God nie, maar die eeu van die kind genoem is.

Die gesag van God moet voorop staan. Alle gesag kom van Bo-van God af. Daar is geen gesag behalwe die van God nie. Hy is Koning, Hy is die absolute Regeerder en Gesaghebber. God voer sy gesag dan ook deur Jesus Christus uit. Sedert die hemelvaart het ons in Sondag 19 bely dat Jesus die een is deur Wie die Vader alle dinge regeer. Jesus se afskeidswoorde, sy proklamasie net voor sy hemelvaart was dan ook 'n gesag proklamasie – *Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde*. Jesus het dan ook vit ons die volmaakte voorbeeld op aarde gestel hoe ons gesag moet aanvaar. Ons lees hoe Hy as 12 jarige seun aan sy ouers op aarde ten volle gehoorsaam was. Daarin is hy die Een wat sy Hemelse Vader se gesag ten volle aanvaar het – Fil. 2:8 *Hy was aan sy Vader gehoorsaam tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.....*Selfs as Jesus voor Pontius Pilatus staan om geoordeel te word dan is daar die gesag van Pilatus wat ter sprake kom.

Johannes 19:10,11- *En Pilatus sê vir Hom: Praat U nie met my nie? Weet U nie dat Ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie.....*Dan kom Jesus se merkwaardige antwoord waar Pilatus sy gesag vandaan kry – *U sou geen mag teen my hê as dit u nie van bo gegee was nie.....*

Broeder en suster, dit is wat ons moet onthou en dit is wat die vyfde gebod ons in die hart wil prent is dat alle gesag bepalings kom van God af. Mense wat in gesag posisies geplaas is, is in die instellings van God geplaas. God is die Enigste Wie se gesag absoluut ewig-geldend is. Die gesag wat mense beklee is altyd is relatief, dit is afgeleide gesag. Geen mens het absolute gesag en mag nie. Menslike gesag moet daarom ook altyd 'n dienende karakter aanneem.

Hieruit moet ons dan ook aflei dat God sy gesag deur Christus uitvoer en dat Christus hierdie gesag deur ons as mense laat bedien. Menslike gesag moet daar wees en die gesag berus in God se welbehae.

Romeine 13 wat geskryf is in 'n tyd toe die vervolging van keiser Nero teen die christene van die wreedste was, daar eintlik volgens menslike maatstawwe meer as genoeg rede was om die wrede keiser se gesag geheel en al te verwerp, moet ons lees wat in die eerste twee verse staan – *Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat or hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie en die wet daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.....* Ons beweeg nou nader na die tweede punt hier, waar dit rondom gesag ook gaan oor...

Gehoorsaamheid:

U lees hierdie opdrag dat in beginsel moet ons alle owerhede gehoorsaam wees, ongeag wie hulle is. Christus wat die Fariseërs se vraag na belasting dan ook só beantwoord – *Betaal aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom.....* Die apostel Petrus wie se dood waarskynlik óók in die hande van keiser Nero lê, het ook in sy brief ongeag die wrede owerheid die beginsel van God se Woord neergelê – 1 Petrus 2:13-14 *Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here –of dit die koning is as opperheer, of die goewerneys as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goeddoen te prys.....* In verse 17-18 staan dan ook 'n uitbreiding, nie net onderdanigheid, maar die woordjie eer, soos wat ons belydenis ook die klem laat lê – *Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer. Diensknegte wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.....*

Dit is die PERK wat aan gehoorsaamheid gestel word. Gehoorsaamheid mag nie sonder perke wees nie. Daar kan omstandighede kom dat iemand se gehoorsaamheid nie meer “in die Here” kan wees nie. Die Joodse Raad wou vir Petrus en Johannes verbied om verder in die Naam van Jesus te preek. Ons lees in Handeling 4:19,20 die beredenering – *Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie.....* Die slotsom staan dan ook in Handeling 5: 29 – *En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.....*

In Efesiërs 6 staan die eerste vers het ons die beperking aan gehoorsaamheid dan ook só gelees met die woorde.....*in die Here*.....Die in die Here moet gehoorsaamheid in alle opsigte bepaal. *Kinders, julle moet julle ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.* Ons lees Efesiërs 5:22 daarmee saam, dan staan daar – *Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig soos aan die Here.*

Om werklik te verstaan wat hier staan moet ons die hoogtepunt van Efesiërs 5 hierby bring nl. vers 18-....om met die Heilige Gees vol te word. *Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul....* Vol van die Heilige Gees sal 'n mens tot die onderdanigheid en gehoorsaamheid in staat wees. Dit alles vorm deel van 'n lewe van heiligmaking.

Ons lewenswandel is anders, ons lewenswandel is die wat in die geloof aan Hom verbonde is. Juis die verbinding aan Jesus Christus maak dat die gelowiges: vroue, kinders of slawe teenoor hulle man, ouer of werkgewer gehoorsaam sal wees. As daar nie gehoorsaamheid is nie, dan is die verbinding met Christus nie in orde nie! Dit bring ons by ons laaste gedagte:

Die belofte of seëninge wat by hierdie gebod ingesluit is:

Die Here het met ons oor gehoorsaamheid gepraat, met die deurlopende bepaling dat dit 'n gehoorsaamheid IN DIE HERE moet wees. Daarin sit ook die Here se seëninge, met die grootste belofte, so groot Paulus noem dit die eerste belofte, alhoewel daar in die eerste vier geboorte al van belofte sprake was. Efesiërs 6:2,3 –*Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte- sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.* Saam met die Here se seëninge is daar natuurlik die veronderstelling dat die teendeel 'n vloek sal wees, as die Here sy seën onttrek. Wanneer God nie seën nie, dan vervloek Hy, dan is daarvan verbondswraak ter sprake. Die Here doen nooit niks nie. Sy seën of sy wraak is gedurig besig om plaas te vind.

Deuteronomium 21: 18-2 is dan ook die vloek oor ongehoorsame kinders uitgeskrywe – *As iemand 'n koppige en wederstrewige seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie, dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudste van sy stad en na die poort van sy woonplek en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons stem nie, hy is 'n deurbringer en dronkaard. Dan moet al*

die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei..... Ongehoorsame kinders is 'n kwaad in ons midde wat nie deur die Here ligtelik opgeneem word nie. So 'n kwaad wat in die huis geduld word, is 'n kanker in die samelewing. Dit gaan van erg tot erger.....Die gedagte van tug of dan nou straf oor ongehoorsame kinders het sy volle herkoms uit die Here se Woord. Die Spreuke digter praat op twee plekke baie duidelik daarvoor –Spreuke 22:15 *Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit.* Vroeër staan ook in Spreuke 13:24 die duidelike liefde wat in straf lê – *Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as jy hom liefhet, sal jy hom straf wanneer dit nodig is.....*

Eli wat in gebreke gebly het om sy ongehoorsame kinders te straf, hy het net met hulle mooigepraat, die mooipraat het sy nek gebreek. Dit is God se vreeslike oordeel oor Eli en sy huis, omdat hy hulle nooit gestraf het nie, maar net mooigepraat het. Dan is dit nie mooi, wat daarna gebeur nie.

Die mooie lê in wat met 'n gehoorsame kind gebeur. Daar is 'n belofte en seën wat inwerking kom. Die kind sal 'n lang lewe hê. Die toekoms van 'n land, vaderlandsliefde, lê ingesluit daarby wat in die ouerhuise gebeur. As die Here die vyfde gebod gee dan praat Hy ook van *die land wat die Here jou God aan jou gee.*

As dit in die huise nie reg is nie, daar nie gesag en orde en gehoorsaamheid IN DIE HERE is nie, dan is daar die land wat 'n probleem is. Ons kan voorspoed vir 'n land nie uitkoop nie, so min as wat gehoorsaamheid met 'n beloning uitgekoop kan word. Ongehoorsaamheid in die huis loop uit op ondankbaarheid in die land. God werk met genade, enkel en alleen genade, niks meer nie, niks minder nie, sy genade is meer as genoeg. Sy Wet is genade, die gehoorsaamheid van die Wet in Christus se genade. ONS KAN NIKS VERDIEN NIE, nie eers gehoorsaamheid nie, dit op sigself is alreeds genade. Ons burgerskap in die hemel is genade. Die Vaderhuis met sy baie wonings wat Christus VIR ONS besig is om voor te berei is genade.

Mag ons die genade in die daarstelling van gesag, in die beoefening van gehoorsaamheid, in die seën en beloftes ook van die Here, onse God ontvang.

AMEN